Sake Beeld

Thursday, 17 May 2007

Sanyati vra regering om besteding te versprei

Antoinette Slabbert, Pretoria

As die regering sy besteding aan infrastruktuur eweredig versprei, sal die konstruksiebedryf beter kan beplan en al die werk gedoen kry.

Mnr. Rick Jackson, uitvoerende hoof van die siviele ingenieurs- en konstruksiemaatskappy Sanyati, het gister gesê daar is baie veerkrag in die konstruksiebedryf. Die meeste kontrakteurs se bestelboeke is egter feitlik vol en daar is min reserwevermoë.

Jackson het met die bekendmaking van die groep se finansiële resultate tot 28 Februarie gesê Sanyati het in die eerste twee maande van die nuwe boekjaar reeds 90% van sy bestelboek gevul. Die groep verwag om sowat R1 miljard se werk in dié boekjaar te doen.

Ten spyte daarvan dat sy omset met 47% tot R379 miljoen teenoor die vorige jaar gestyg het, was die toename 11,2% kleiner as wat hy met sy notering in Junie verlede jaar op die JSE se Alt^{X} voorspel het.

Hy sê dit is deels te wyte aan 'n vertraging van twee maande met die toekenning van kontrakte vir die herseël van paaie omdat die eThekwini-munisipaliteit in Durban en die KwaZulu-Natalse departement van vervoer hul verkrygingsbeleid hersien het. Die filiaal Brisk Asphalt Surfacing het volgens Jackson weens die vertraging twee maande stilgestaan.

Jackson het gesê Sanyati sal graag sy vermoë wil vergroot, maar hulpbronne is beperk en die enigste weg is deur verkrygings.

Sanyati het gedurende die geldjaar Mega Pile (voorheen KZN Piling) vir R49,2 miljoen aangeskaf en ná die jaareinde sy verkrygings van Ruthcon Civil Contractors en GEM Earthworks vir R195 miljoen gefinaliseer. Daarmee het hy sy geografiese teenwoordigheid uitgebrei sodat hy nou in vyf provinsies werk.

Jackson het gesê die groep bly op die uitkyk vir verkrygings wat goed sal inpas, maar dit help nie 'n mens koop wild en wakker nie.

Danksy ekstra vet wat veral in die Sanprop-afdeling se kommersiële eiendomsontwikkelings ingebou is, het Sanyati se netto wins gestyg tot R24,2 miljoen. Dit is 6,1% meer as die voorspelling voor notering.

Kernsyfers

- Omset: R379 miljoen (R258,9 miljoen)
- Bedryfwins: R38 miljoen (R24,8 miljoen)
- Wesensverdienste per aandeel: 11,78 c (+34%)
- Volgens beleid geen dividend